higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUCTIONS AND INFORMATION

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Ongeveer 35 minute en 5 minute vir lees behoort aan elke vraag bestee te word.
6. Neem kennis van die puntetoekenning as riglyn vir die lengte van die antwoorde.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 Bestudeer die volgende illustrasie en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE A

[Bron: *www.vangoghgallery.com/painting/starry-night.html*]
Vincent van Gogh, *Starry Night,* olie op skilderdoek, 1889

1.1.1 Is hierdie kunswerk naturalisties, gestileerd, abstrak of geïdealiseerd? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 1) (2)

1.1.2 Bespreek die gebruik van lyn. (1 + 3) (4)

1.1.3 Hoe het die kunstenaar ritme en beweging geskep? (4)

1.2 Bestudeer Illustrasie B en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE B

[Bron: *https://www.designboom.com/art/huan-zhang-east-wind-west-wind*]
Huan Zhang, *Ash Jesus & Ash Buddha,* ash, steel & wood 2011, 2.5, m high



Naby aansig van altwee beeldes

1.2.1 Bespreek die belangrikheid van die gebruik van as in hierdie godsdienstige beeldhouwerke. (2)

1.2.2 Wat dink jy was die kunstenaar se boodskap? (4)

1.2.3 Glo jy dat die kunswerk suksesvol is? Gee 'n rede vir jou antwoord met verwysing na die betekenis/boodskap en komposisie. (4)

1.3 Bestudeer Illustasie C



ILLUSTRASIE C

[Bron: *www.artic.edu/aic/collections/artwork/27992*]
Georges Seurat, *A Sunday Afternoon on the Island of La Grande Jatte*, olie op skilderdoek, 1884-86

1.3.1 Hoe is perspektief in hierdie skildery verkry? (3)

1.3.2 Bespreek die gebruik van kleur, lig en tegniek. (5)

1.3.3 Verduidelik hoe die kunstenaar balna in die werk Explain how the artist achieved balance in the artwork. (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer Ilustrasie D en beantwoord die vrae.



ILLUSTRASIE D

[Bron:*www.tate.org.uk/about/projects/tate-worlds-art-reimagined-minecraft/.../pool*-london]
André Derain, *Pool of London*, olieverfskildery. 1906, (size: 65.7 × 99.10 cm)

1.4.1 Watter tipe perspektief is gebruik? (1)

1.4.2 Ontleed die kleur en tegniek. (4)

1.4.3 Watter soort atmosfeer is geskep? Staaf jou antwoord. (2)

1.4.4 Bespreek vorm in hierdie kunswerke. (3)

EN/OF

VRAAG 2

Beantwoord slegs VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Prehistoriese mense het materiaal uit hul omgewing gebruik om kuns te skep.

(a) Noem VIER kleure en die elemente wat gebruik is om dit te skep. (4 × 2) (8)

(b) Noem VIER bindmiddels wat gebruik is. (4)

2.1.2 Verduidelik die volgende terminologie:

(a) Nomadies

(b) Kaggen

(c) Ekstatiese staat

(d) Petroglief

(e) Entopiese beeld

(5 × 2) (10)

2.1.3 Bespreek die belangrike rol wat die sjamaan in die lewe van die Sanmense speel. (8)

2.1.4 Gee die naam en beskrywing van 'n piktogram wat jy bestudeer het. (10)

[40]

OF

2.2 **VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS**

Bepreek hoe die Europese kunstradisie Suid-Afrikaanse kunstenaars beïnvloed het. Verwys na TWEE werke deur EEN van die volgende kunstenaars:

2.2.1 Thomas Bowler

2.2.2 Gerard Bhengu

2.2.3 Irma Stern

2.2.4 Thomas Baines

2.2.5 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar van jou keuse

[40]

Kopiereg voorbehou

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMKUNS

Bespreek die manier waarop die uitbeelding van mense en diere in Hindoekuns verskil het van dié in Islamkuns. Noem EEN voorbeeld van 'n kunswerk of die argitektuur uit elke kultuur om jou antwoord te staaf. **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Deur watter kenmerke sal jy die volgende gode kan identifiseer?

4.1.1 Anubis

4.1.2 Thoth

4.1.3 Horus

4.1.4 Ammut

4.1.5 Osiris

(5 × 1) (5)

4.2 Bespreek die stel reëls wat die manier waarop 'n kunstenaar die menslike figuur en tonele in die kunswerke voorgestel het, bepaal het. (5)

4.3 Watter beduidenis het die Egiptenare se geloof in die hiernamaals op hulle kunswerke gehad? (10)

4.4 Wat was die belangrikheid van die 'Boek van die Dooies'? (5)

4.5 Die piramides van Giza is kenmerkend van Egiptiese argitektoniese uitnemendheid.

Bespreek die grootste van die 3 piramides. Sluit in by jou bespreking die doel, vorm en materiaal wat gebruik is. (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Voorsien definisies vir die volgende:

5.1.1 Kouros

5.1.2 Pediment

5.1.3 Terracotta

5.1.4 Triglief

5.1.5 Kore

(5 × 2) (10)

5.2 Bespreek EEN klassieke voorbeeld van Griekse argitektuur. Sluit die doel daarvan en die artistieke invloed in by jou bespreking. (10)

5.3 Die Griekse bewondering vir die menslike vorm het hulle daartoe gedryf om beelde te skep wat geïdealiseerde beelde van die mens voorstel.

Bespreek TWEE beeldhouwerke uit die lys hier onder om hierdie stelling te illustreer.

5.3.1 Discobolos

5.3.2 Die Laokoöngroep

5.3.3 Galliër bring homself en sy Vrou om die lewe

5.3.4 Enige beeldhouwerk wat jy bestudeer het

(20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Bespreek die innoverende metodes van die Romeine wat argitektuur en konstruksie vernuwe het. (15)

6.2 'Die Panteon', wat beteken 'Aan Elke God,' is getuienis van die vaardighede van die Roemeinse ingenieurs. Met betrekking tot sy doel, bespreek die argitektuur en konstruksie van hierdie gebou. (15)

6.3 Kuns het 'n propagandistiese rol in antieke Rome gespeel. Bespreek hierdie stelling deur na enige beeldhouwerk wat jy bestudeer het te verwys. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMANESK EN GOTIES)

7.1 Deur na 'n spesifieke voorbeeld te verwys, bespreek die gebruik van Manuskripilluminasie. (10)

7.2 Wat was die doel van brandskildervensters in Gotiese argitektuur? Sluit die volgende in by jou antwoord:

7.2.1 Metode en tegniek wat gebruik is

7.2.2 Plek in die katedraal

7.2.3 Kleure wat gebruik is

(10)

7.3 Die katedrale het die Ouderdom van Geloof simboliseer. Verwys na 'n voorbeeld om die elemente wat die argitekte ontwikkel het om meer spasie in die katedrale te voorsien, te skep asook ander kenmerke wat jy bestudeer het. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCEKUNS

8.1 Hoe het die begrip Humanisme die kunswerke van hierdie periode beïnvloed? (5)

8.2 Leonardo da Vinci is as die tipiese universele mens beskou. Maak 'n lys van DRIE terreine waarin hy uitgestyg het, behalwe dié van skilder. (3)

8.3 Vergelyk die manier waarop die menslike figuur uitgebeeld is tydens die Renaissance met dit van Mannerisme. (3)

8.4 Bespreek sommige van die faktore wat gelei het tot scuss some of the factors that led to the development of the Renaissance in Italy. (10)

8.5 Hoekom is Giotto as die vader van die Renaissance beskou? Verwys na een van sy werke om jou antwoord te illustreer. (4)

8.6 Ontleed enige TWEE kunswerke uit die Hoë Renaissance. Verwys na ide stilistiese kenmerke wat toepaslik is vir daardie periode. (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROKKUNS

Weens sy propagandistiese rol het Barokkuns sowel emosie as menslike drama weerspieël.

Bespreek TWEE kunswerke van elke van die volgende kunstenaars met verwysing na hierdie stelling.

9.1 Peter Paul Rubens

9.2 Rembrandt van Rijn

9.3 Caravaggio

9.4 Gian Lorenzo Bernini

9.5 Enige ander kunstenaar wat jy bestudeer het.

[40]

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEOKLASSIEKE EN REALISME

Kies EEN van bogenoemde bewegings en beantwoord die vrae.

10.1 Hoe het die politieke en sosiale strukture in Frankyk die ontwikkeling van kuns tydens hierdie beweging beïnvloed? (10)

10.2 Bespreek TWEE skilderye wat hierdie beweging die beste beskryf. Sluit die volgende inligting in by jou bespreking:

10.3.1 Naam van kunstenaar en titel van werk

10.3.2 Onderwerp

10.3.3 Kenmerke

(30)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou